



MONTAGU

LAERSKOOI • PRIMARY SCHOOL

LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 • FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

2 November 2020

OB 1/K4-2020: ALGEMENE OUERBRIEF EN BEHEERLIGGAAM TUSSENVERKIESING: 5 NOVEMBER 2020

Beste Ouers

Algemeen:

Die laaste kwartaal van 2020 het aangebreek en dit is 'n baie kort kwartaal van ongeveer 6 weke. Ek wil u bedank vir u geduld die afgelope maande. Die skoolprogram is ontwig deur die COVID-19 pandemie en het groot aanpassings van u as ouers geveg. Ons as personeel is tevrede dat ons die volle spektrum van die hersiene kurrikulum sal afhandel teen die tyd wat die laaste formele assessering begin. Die feit dat ons die sportperiodes, saalopening en ekstra rekenaarperiodes ingewerk het by die onderrigperiodes, het ekstra akademiese tyd meegebring, wat andersins ook verlore sou gaan. U begrip hiervoor word ook waardeer.

Ons het slegs 3 weke voor die finale toetsreeks begin. Ons sien die groep B-leerders 2 weke en die groep A-leerders 1 week. Ons het besluit om nie met sportperiodes te begin nie, maar liefsvort te gaan om dit vir akademiese tyd te gebruik. Mnr. Strauss sal 'n atletiek-oefenprogram vir die leerders beskikbaar stel. Dit is so opgestel dat die atlete op hul eie daardeur sal kan werk ter voorbereiding vir die atletiekseisoen.

Mnr. Dewan Terblanche het 'n pos in Bloemfontein aanvaar met ingang Januarie 2021. Ons wens hom alle sterkte toe met sy nuwe toekomsplanne. Die Monties sal hom mis! Mnr. Terblanche se pos is reeds geadverteer (o.a. op ons *Facebook*-blad) en onderhoude vir die nuwe aanstelling vind binnekort plaas.

The Hills 2020 was 'n reuse sukses! Die dag het puik verloop en die aantal inskrywings het alle verwagtinge oortref. Baie dankie aan elkeen wat deel was van die organisering; daar was baie reëlings om te tref. Die uitmerk van die roetes neem baie tyd in beslag en verskeie mense was behulpsaam. Dankie aan elke deelnemer en ondersteuner, elke ouer wat gehelp het by die stalletjies en al die personeel wat gehelp het. Ek wil wel vir Hannes Gous uitsonder – hy was die voorloper en inspirasie vir die dag. Dankie ook aan Jim en Ronél wat weereens Doringlaagte se perseel aan ons beskikbaar gestel het. Soos gewoonlik was die terrein pragtig netjies en goed versorg.

Ons sê baie geluk aan die volgende lootjiewenners, hulle het fantastiese pryse gewen:

1. Dirk Thiart
2. Jani Fourie
3. Anna-Maree Victor
4. Maryke Burger
5. Brendon Tinwell (Zack Roos se vorm)

Akademie:

Die **gr. 4 – 7's** begin reeds op 23 November met die laaste toetsreeks (*eksamen*) van die jaar. Roosters sal teen die einde van die week aan die leerders uitgedeel word. U moet asb. daarop let dat die **weeklikse wisseling van skoolbywoning op 20 November eindig vir gr. 4-6**. U sal op die toetsrooster (wat in kalenderformaat gegee word), duidelik sien wanneer u kind by die skool moet wees vir die aflê van toetse. Gedurende die skooldag sal verdere onderrig en hersiening plaasvind.

Aangesien hierdie 'n **eksamen-toetsreeks** is, moet alle leerders wat afwesig is op die dag van die toets, 'n kliniek- of doktersertifikaat inhandig.

Die **grondslagfase gaan voort met weeklikse skoolbywoning** soos gewoonlik. Hulle sal voortgaan met deurlopende assessering en hul finale formele assesseringstake sal op 16 November begin.

Ons besef baie goed dat hierdie reëlins vir u ontwrigtend is. Ons het egter nie 'n ander werkbare opsie nie. Die gr. 4-7 leerders moet almal by die skool wees op die dag wat hulle toets skryf, daarom gaan gr. 4 en 5 afwisselend skool toe kom en gr. 6 en 7 elke dag skool toe kom. Die saal word gebruik vir die gr. 6^e en gr. 4 en 5 word in 4 klasse verdeel vir die dag wat hulle by die skool is, sodat sosiale afstand gehandhaaf kan word.

Die punte van kwartaal 1, 3 en 4 sal die vordering van u kind aan die einde van die jaar bepaal.

Erkenningsaande:

Covid-19 maatreëls geld steeds en daarom mag slegs 'n beperkte aantal mense op een slag by die skool byeenkom. Die erkenningsaande word dus versprei oor verskeie datums. Let asb. daarop dat slegs 2 gaste per leerder toegelaat word. Die stoele is ongeveer 1,2 van mekaar geskuif en moet so gelaat word vir die loop van die aand. Covid-19 protokol sal toegepas word wanneer u aanmeld vir die erkenningsaand. Ons besef sommige ouers gaan meer as 1 geleentheid moet bywoon, maar ongelukkig is dit die enigste werkbare manier. Soos reeds deurgegee, word erkenning gegee vir akademie, sommige spesiale trofee en vir Noord-Boland en hoër in atletiek en krieket. In 2021 sal ons weer 'n normale erkenningsaand kan hou met al die aspekte waarvoor ons graag erkenning aan ons leerders wil gee.

- Erkenningsaand gr. 1: 3 Desember om 18h30
- Erkenningsaand gr. 2: 7 Desember om 18h30
- Erkenningsaand gr. 3: 8 Desember om 18h30
- Erkenningsaand gr. 4 - 5: 9 Desember om 18h30
- Erkenningsaand gr. 6 - 7: 10 Desember om 18h30

Beheerliggaam Tussenverkiesing:

Die Beheerliggaam Tussenverkiesing van 22 Oktober 2020 kon nie gefinaliseer word nie, aangesien daar nie 'n kworum van ouers teenwoordig was nie.

Die prosedure vir beheerliggaamverkiesings, soos aangekondig in die Buitengewone Provinsiale Koerant van 31 Januarie 2006 en Provinsiale Kennisgewing 156/2017 van 17 Augustus 2017, sal geld vir hierdie proses.

Soos kennis gegee in OB 23/K3-2020 en OB 28/K3-2020, vind 'n volgende en finale rondte van die tussenverkiesing nou plaas op **5 November 2020 om 18h30**. Ouers kan reeds vanaf 18h10 registreer in die voorportaal van die kantoorblok.

Dit is belangrik om daarop te let dat geen kworum vir hierdie vergadering benodig word nie. Voorafnominasies reeds ontvang vir 22 Oktober bly geldig vir 5 November. Verdere nominasies kan ingedien word tydens die nominasievergadering, wat die verkiesing voorafgaan op 5 November 2020.

Mnr. J. Pekeur, van Ashbury Primêr, sal as kiesbeampte tydens bogenoemde verkiesing optree.

U kom die terrein binne vanaf die aflaaisone in Du Toitstraat. COVID-19 veiligheidsprotokol sal gevolg word.

Foto's:

Op 11 en 17 November word individuele foto's geneem. Ons kan ongelukkig nie vanjaar groepfoto's neem nie. Daar sal wel klasfoto's beskikbaar gestel word, deur 'n samestelling van die individuele foto's te maak. Alle leerders moet op daardie dae skooldrag dra.

Sterkte vir die week wat voorlê. Ons wens ook sterkte toe aan almal betrokke by die komende vrugteseisoen. Mag dit aan u verwagtinge voldoen, ten spyte van die droogte wat steeds knel.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof



Geborg
deur:

Montagu

SPAR

023-6143080

goed vir jou